

# Maandag 20 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring  
14:13

## **Juis tot voordeel ... dit is voorspoed**

Alle mense het nie hierdie vrede om te kan sterf nie. Dink aan die doodsangs wat Hiskia deurgemaak het: *Geskrif van Hiskía, die koning van Juda, toe hy siek was en van sy siekte gesond geword het. Ek het gesê: In die bloei van my dae moet ek heengaan in die poorte van die doderyk; ek word beroof van my orige jare. Ek het gesê: Ek sal die HERE nie sien nie, die HERE, in die land van die lewendes; ek sal die mense nie meer aanskou onder die inwoners van die wêreld nie. My woning is opgebreek en van my af weggevoer soos 'n herderstent; ek het my lewe opgerol soos 'n wewer sy weefsel; Hy sny my van die wewersbalk af; van dag tot nag gee U my prys. Bring ek myself tot bedaring tot die môre – soos 'n leeu só verbreek Hy al my beendere; van dag tot nag gee U my prys. Soos 'n swaweltjie of kraanvoël, so het ek gepiep; ek het gekir soos 'n duif; my oë het dof gekyk na bo: HERE, ek is benoud, wees U my Borg!* (Jes. 38:9-14, 1953-vertaling).

Die woorde *van nou af ...* in Openbaring 14:13 is nogal verwarrend. Die woorde hoort as 'n eenheid by *sterf*. Die bedoeling is dat die lewende en opgestane Here Jesus Christus nou in die hemel is. Daar wag Hy sy aanbidders in en neem hulle in sy heerlijkheid op.

Die bedoeling is dat die graf nie meer die donker, verstikkende plek is nie. Nou het die ewige lig van die Here Jesus oor die dood en oor dié wat nou sterf, opgegaan. Die gelowiges wat in die ou bedeling gesterf het, het nog nie hierdie openbaring van opname in God se heerlijkheid gehad nie! Die betekenis is dat die wat nou sterf, terstond in God se heerlijkheid ingaan (vgl. Hiskia se gebed)!

*Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle.* Die Heilige Gees (God self!) verduidelik dat die gelowiges dan meteens van alle lewensmoeite ontslae is! Hulle kan dan rus – met ander woorde, hulle bestaan by God geniet. Hulle kry dan die genadeloon vir hulle stryd om tydens hulle aardse lewe in die geloof te kon volhard. Hulle kry ook die genadeloon omdat hulle gely het en die Here nooit vergeet het nie.

Die Here vergeet die gelowiges en hulle werke ook nooit – daarom sterf hulle nou in Hom. Hy neem hulle op in sy heerlijkheid. Dit is die moeite werd om met trou en inspanning te volhard in die geloof en goeie werke!

*Sing: Skrifberyming 5-4:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*